REEKS: Wat ons wêreld NOU nodig het

TEMA: Liefde

Wat ons wêreld NOU nodig het? _____

DIE VRUG WAT JY DRA IS 'N UITVLOEISEL VAN JOU VERHOUDING MET GOD

"Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."
Galasiërs 5:16-23 (AFR83)

LIEFDE

EROS – *Romantiese liefde, vlietend, instinktief.*

STORGE – *Familie, ek kies hulle nie, maar ek het hulle lief.*

FILEO – *Vriendskap, ek kies hulle en het lief.*

AGAPE – *Selfopofferende liefde, soos God.*

"If I were married to you, I'd put poison in your coffee. Churchill replied:
"If I were married to you," he replied, "I'd drink it."
Winston Churchill

LIEFDE IS 'N KEUSE WAT ONS ELKE DAG IN ELKE SITUASIE MAAK

BELEEF GOD SE LIEFDE VIR JOU

"God loves us at least as much as the person who loves us the most."
Dennis Lynn

“Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.”
1 Johannes 3:1 (AFR83)

“Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.”
Efesiers 3:18-19 (AFR83)

VERGEWE

“Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word…”
Lukas 6:27 (AFR83)

TREË VANUIT LIEFDE OP

“Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
1 Korintiërs 13:4-7 (AFR83)

“Liefde beskerm waar mense beskerming nodig het; liefde glo altyd die beste van ander mense en verwag dit ook van hulle. Liefde ken ook g’n einde nie.”
1 Korintiërs 13:7 (DB)